Drome en vrese vir 2010

Gaan gewone Suid-Afrikaners enige voordeel uit die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010 trek of nie? Theuns van der Westhuizen het gaan luister wat sê akademici hieroor.

AS daar een ding is waaroor feitlik almal dit eens is, is dit dat die impak van mega-sportbyeenkomste op ontwikkelingsdoelwitte byna altyd óf oorskat, óf onderskat word.

Dit hang net af of jy ten gunste van die betrokke byeenkoms is of nie. En natuurlik of die beoordeling uit 'n ekonomiese hoek, sosiaal-maatskaplike of ander hoek gedoen word.

Een ding is seker: Dit is feitlik deurgaans duur om byeenkomste soos die Olimpiese Spele of die Wêreldbeker-sokkertoernooi aan te bied.

Die probleem is dat lande teen mekaar bie om so 'n byeenkoms aan te bied. Gevolglik bie hulle later so hoog dat hulle nie meer 'n behoorlike ekonomiese voordeel uit die byeenkoms kan kry nie.

Prof. Kelly Fearweather van die Sports Performance Institute aan die Universiteit Stellenbosch was een van die sprekers op die simposium wat deur die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en die Vlaamse Interuniversitaire Raad gereël is.

Organiseerders van groot byeenkomste stel ook al hoe groter eise aan die aanbieders, het hy gesê.

Boonop wil elke land 'n beter toernooi as die vorige aanbied. Dit word 'n veiling waar die een met die hoogste bod die byeenkoms kan aanbied.

Prof. Wolfgang Maening van die Universiteit van Hamburg sê ook mega-byeenkomste en gepaardgaande sportstadions lewer selde 'n netto ekonomiese voordeel.

Duitsland het byvoorbeeld nie ten tyde van die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2006 'n reuse-opbloei in toerisme beleef nie.

Sokkertoeriste het eenvoudig die plek ingeneem van ander toeriste wat weggebly het om die verwagte toestroming te vermy.

Selfs kleinhandelverkope het in die wêreldbeker-maand gedaal. "Dis duidelik: Mense kom om sokker te kyk en partytjie te hou en nie om te koop nie."

Aan die positiewe kant was daar 'n oorweldigende "feel good"-effek, wat onder meer gehelp het om Duitsland se beeld internasionaal aansienlik te verbeter.

Die toernooi kan Suid-Afrika se beeld ook internasionaal baie verbeter. "Ek is meer optimisties oor Suid-Afrika se uitkoms as oor dié van ander lande wat sulke groot toernooie aanbied," sê Maening.

Hy meen Suid-Afrika moet nou al stappe doen om te sorg dat sy 2010-stadions nie ná die toernooi onderbenut word nie.

AAN die ander kant trek nuwe stadions, soos die Groenpunt-stadion, meer toeskouers as oues. Die relatiewe skaarsheid van goeie stadions in Suid-Afrika kan ook sorg dat die 2010-stadions ná die toernooi behoorlik benut word.

Maening stem ook saam dat Suid-Afrika dalk nie op toerismegebied aan die kortste ent sal trek nie. Die toernooi vind plaas in die winter wanneer die land normaalweg minder toeriste ontvang. Dus kan die sokkertoeriste daardie gaping vul.

Prof. Scarlett Cornelissen van die Universiteit Stellenbosch benadruk ook die botsende sienings van diegene wat positief oor 'n mega-byeenkoms is en diegene wat dit uit 'n negatiewe hoek beskou.

Dieselfde geld die beoordeling van sogenaamde harde en sagte infrastruktuur. Die meeste mense fokus op die harde infrastruktuur, soos stadions en openbare vervoer, en nie op die sagte infrastruktuur, soos die sosio-ekonomiese impak wat die toernooi op die inwoners gaan hê nie.

Sy voel dat daar in hierdie stadium te veel op die harde infrastruktuur gefokus word, en te min op iets soos sokkerontwikkeling.

Fearweather, wat agt jaar vir die Internasionale Olimpiese Komitee gewerk het, stem saam. Hy sê dis noodsaaklik dat 'n sportnalatenskap beplan word. In Griekeland is byvoorbeeld baie sportgeriewe vir die Olimpiese Spele van 2004 geskep, maar min is vir sportontwikkeling gedoen. Volgens hom lê die sosiaal-maatskaplike nalatenskap van 2010 in vrywilligerprojekte, die kunste en geletterdheid.

Die ekonomiese nalatenskap is in die vaardighede wat opgedoen word om groot byeenkomste te organiseer en te bestuur, sê hy.

NOG 'n vermaning kom van prof. Derek Casey, waarnemende hoof van Glasgow se reëlingskomitee vir die Statebondspele in 2014. Hy sê mense moet besef dat mega-byeenkomste nie 'n wondermiddel is nie.

Dit is wel 'n massiewe dryfkrag vir ekonomiese voordeel, maar dan moet behoorlik beplan word. Daar moet ook 'n liggaam wees wat die proses ná die toernooi kan voortsit.

Prof. Chris Tapscots van die Universiteit van Wes-Kaapland voel ook beplanners dink gewoonlik net aan die stadion, maar dit is die kleinste nalatenskap van so 'n byeenkoms. Hy stem saam met Casey dat daar 'n liggaam moet wees wat die proses ná 2010 dryf, anders "gaan alles tot stilstand kom sodra die partytjie oor is".

Me. H. van Kampen van Nederland se Nationale Commissie voor Internationale Samenwerking en Duurzame Ontwikkeling wys ook daarop dat almal saamstem oor geleenthede, maar sê die mense is skepties oor die verwagte ekonomiese impak. Hulle wonder wat die toernooi vir hulle gaan bring. Die vraag is hoe om geesdrif vir die toernooi te wek sonder om onmoontlike verwagtings te skep.

Volgens dr. Kamila Swart van die Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie glo 80% van die inwoners van Athlone daar gaan vir hulle 'n nalatenskap van 2010 wees, en 81% van dié in Groenpunt.

Baie glo ook dat die toernooi lewenskoste gaan opstoot, terwyl ander bekommerd is oor die verspreiding van voordele, sê sy.

'N ERNSTIGE waarskuwing kom van prof. Denver Hendricks van die Universiteit van Pretoria. Hy sê onvervulde verwagtings kan ná 2010 'n gevaar inhou. Daar is 'n sterk persepsie van verskille tussen groepe en nie-lewering van die verwagte voordele kan tot konflik lei.

Hy is bekommerd oor veral die getalle buitelandse besoekers wat verwag word. Hy wys daarop dat voorspel is 50 000 besoekers sou die Wêreldbeker-kriekettoernooi in 2003 in Suid-Afrika bywoon. Net 18 000 het opgedaag.

Nog 'n negatiewe saak is die kwessie van kragonderbrekings. Atlete wat by die UP vir die Olimpiese Spele in Beijing geoefen het, het vroeër vanjaar onmiddellik hul tasse gepak en die land verlaat toe die eerste kragonderbrekings begin.

'n Onsuksesvolle toernooi sal tot groot ongelukkigheid onder die arm massas kan bydra, waarsku Hendricks.

Prof. Wim Hollander van die Universiteit van Johannesburg waarsku ook teen die impak van hoë verwagtings. Die vraag is hoe dit die individu gaan raak, terwyl die fokus eintlik op die stadions is, sê hy.

Dr. Orli Bass van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing sê dit lyk soms of die 2010-projekte net 'n wenslys van die organiseerders en aanbieders is. Of alles sal gebeur, staan te besien.

Mense moet ook besef dat die toernooi nie op hulp aan die armes ingestel is nie. Daar sal wel beter dienslewering, vervoer en 'n beter gevoel van nasionale identiteit wees, maar nie soveel as wat verwag word nie. "Ons sal moet wag en sien."

PROF. FRANKEN VAN EEKEREN van die Universiteit van Utrecht in Nederland sê dit is goed om krities en selfs sinies te wees, maar dan moet dit duidelik wees wat dit uit 'n ekonomiese perspektief is.

Daar is positiewe sosiaal-maatskaplike moontlikhede.

"Ek hoor die sinisme, maar sport kan vreemde dinge doen," sê hy. Ter illustrasie noem hy, wat glad nie die Nederlandse span Ajax ondersteun nie, hoe hy op besoek aan Kaapstad so meegevoer geraak het met die spel van die plaaslike Ajax-span dat hy hulle uiteindelik toegejuig het.

Grafika: HANLIE MALAN

'n Verhoog vir Suid-Afrika

Danny Jordaan, hoof van Fifa se plaaslike reëlingskomitee, sê: Suid-Afrika het iets nodig gehad wat die land ná die Mandela-era weer voorbladnuus kon maak.

Daarom was dit van die uiterste belang om die bod vir die aanbieding van die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010 te wen.

"Dit was nodig vir nasiebou en beeldbou."